# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Kom staan met leë hande voor jou Verlosser en word uit genade gered

**Skriflesing:**
Lukas 23
Efesiërs 1:3,4
(1983)
Dordtse Leerreëls 1:1-6

**Teksvers:**
Lukas 23:42,43

**Sing:**
Ps 31-1:5,15,17
Ps 51:1,4
Sb 9-3:1,2
Ps 32:1,3
Ps 103:1,2,9,11
SB 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Dit sal nie verkeerd wees as jy die ergste dinge dink van die agtergrond van die twee manne aan die kruise langs Jesus, daardie dag buite die stadspoorte van Jerusalem nie. Hulle was regte misdadigers. Wrede en robuuste rowers en moordenaars. En dan eindig een van hulle nogal in die Paradys (die Hemel) saam met Jesus!

Dit is 'n pragtige illustrasie van verlossing deur genade alleen. Die Bybel noem dit uitverkiesing of voorbeskikking (predestinasie) waardeur God sy kinders in pure genade en barmhartigheid red.

Vandag gaan ons na daardie vervloekte kruis in die middel kyk en sien hoe groot die genade van God werklik is, want daar is werklik geen onderskeid tussen die twee manne langs Jesus nie, behalwe die eerlike en erkenning belydenis van sonde... En dít met leë hande voor die troon van Jesus.

Hoe staan jy elke dag voor jou Verlosser?

**SONDAGAAND 18:00**

## Volg My!

**Skriflesing:**
Matteus 9:9-13
(2020)

**Teksvers:**
Matteus 9:9

**Sing:**
Ps 147:1,2
Ps 95:2,4
Sb 15-2:1,2,3
Ps 71:1,14
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Roeping, roep, geroep, beroep, aanroep, uitroep, oproep, inroep. Die begrip roep of *roeping* is nie vir ons vreemd nie. Die meeste mense sal met oortuiging kan antwoord dat hulle 'n lewensroeping het. Dit word dan beskryf as 'n innerlike gevoel of drang om diensbaar te wees vir 'n groter doel. Vir baie mense is hierdie *roeping* dit wat hulle sin en betekenis in die lewe gee. Maar dit is nie altyd so maklik om presies te weet wat daardie roeping in jou lewe is nie.

Mense voel soms verward en onseker oor die verhouding tussen hierdie geestelike innerlike drang na 'n doel of betekenis (vocatio), en hulle alledaagse bestaan en beroep (professio). Gevolglik is daar verskillende verstaan en begrip oor wat roeping werklik beteken. Vereis roeping 'n geestelike element waar jou gewone werk (beroep) opgeoffer word om iets belangriker in die koninkryk van God te verrig? Of is jou beroep deel van jou roeping? Wat van geloof? Ons staan vanaand stil by die beweegrede as God tot ons spreek: volg My!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 22 21 Julie 2024**


# DORDTSE LEERREËLS

Die beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat in die jare 1618 en 1619 in Dordrecht gehou is oor die bekende vyf leerstellings waaroor in die Gereformeerde Kerke van hierdie Verenigde Nederlande verskil ontstaan het.

Hoofstuk 1: GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING

1. Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. Daarom sou God niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel: "*die hele wêreld is voor God doemwaardig* (Rom 3:19). *Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God*" (Rom 3:23) en: "*Die loon van die sonde is die dood*" (Rom 6:23).
2. Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het "*sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"* (1 Joh 4:9; Joh 3:16).
3. Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, want: "*Hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie*?" (Rom 10:14,15).
4. "*Die toorn van God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe"* (Joh 3:36; Mark 16:16).
5. Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens. Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God. Soos geskrywe is: "*Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God*" (Ef 2:8), ook: "*Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo*" (Fil 1:29).

Vervolg op bl 4...

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Die nuwe lewe in Christus!

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 15, Ps 91:1 Volgende week: Les 16, Ps 91:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Die Engel verskyn aan Maria, Ps 18 Volgende week: Jesus is gebore, Ps 18

| KOLLEKTES | | Instandhoudingsfonds |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Teol studentekas** (by die deure) | |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Jag-vir-jou-Kerk



Die jagseisoen is oop!!
Ondersteun die Projekspan en skenk 'n bok vir die Kerk, ons vrieskas is leeg. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).
Skakel met Kobus Joubert – 0798738219
Fondse ten bate van die Instandhoudingsfonds.



## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



***Nuwe Intrekkers***

**~~24 Julie~~**

Staan oor tot verdere kennisgewing!!



**Bybelskool van Centurion 2024**

bied aan

## Esegiël: *Die boek en profeet*

Is God teenwoordig of afwesig? Vreemde visioene, vreemde gebeure en vreemde verkondiging

**Begindatum: 20 Augustus 2024**

Almal welkom

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 per persoon

**Aanbieder**: Prof Herrie van Rooy

**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 082 772 7718

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Sept 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **29 Julie 2024**



# *Verjaarsdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Jul | Petro | Erasmus | B13 | 27790397788 |
| | Andri | Steinberg | B08 | 27837268362 |
| | Annette | vd Berg | A04 | 27844365331 |
| | Helene | Viljoen | B15 | 27823784967 |
| 22-Jul | De Wet | Burger | A12 | 27832162876 |
| | Gawie | Erasmus | C05 | 27824489658 |
| | Mandi | Fowler | B05 | 27832646210 |
| | Freddie | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Geddes | Rex | A15 | 27722628444 |
| | Hannie | vd Bergh | C07 | 27827803653 |
| | Monise | vd Walt | C15 | 27725229529 |
| | Joszua | v Staden | A15 | 654 1851 |
| 23-Jul | Amanda | Kotze | C15 | 27761908253 |
| | Ria | Nieuwoudt | A05 | 27828752877 |
| | Mieke | vd Smit | B10 | 27746677777 |
| 24-Jul | Esna | Kenworthy | B13 | 27795215830 |
| | Zuiqe | Weyer | A11 | 27832741606 |
| 25-Jul | Poppie | Brits | C08 | 27829405717 |
| | Louise | v Niekerk | A09 | 27814546588 |
| | Maruzell | Vorster | A16 | 27824512001 |
| 26-Jul | Rassie | Erasmus | B13 | 27828950967 |
| 27-Jul | Quintes | Myburgh | B05 | 27662447277 |
| | Thys | Reynecke | C08 | 27827789193 |
| | Francois | Venter | C10 | 27718577894 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22-Jul | Brady | Dorfling | E01 | 27276268032 |
| 24-Jul | Danelle | vd Merwe | B06 | 27713822573 |
| 25-Jul | JM | Martinson | C07 | 27826978160 |
| 26-Jul | Alissa | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Mienke | Pretorius | B02 | 27825216870 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Phia van Helden sterk tuis aan (C15—082 541 6388).
- Jakes vd Merwe sterk aan in Life Groenkloof (A14—062 015 0635).
- Annelette Gentle se man Mark ondergaan Maandag 'n nekoperasie (B1—082 464 6893).
- Hennie Jv Rensburg het 'n draai in hospitaal gemaak (B9—082 370 9553).
- Elna Marx sterk aan na 'n oogoperasie (B12—083 320 8781)
- Antoinette Jv Vuuren sterk aan na 'n voetoperasie (C13—082 569 1882).
- Renier vd Merwe sterk aan na 'n operasie (A18—071 683 6873).
- ***Meelewing*** word betuig met:
  - Ina Nel; Tinus, Nadia, Marnu en Annick Nel; Deon, Sandra en Dehan; Francois en Frieda en familie na die afsterwe van Thinus Nel (snr) wat gedurende die week oorlede en begrawe is.
  - Beatrix Kotze en familie na die afsterwe van Hendrik. Begrafnis is Dinsdag 23 Julie om 10:00 te Pretoria-Oos begraafplaas (privaat) en 11:30 volg die diens by GK Lyttelton.
  - Johan en Ronell Hoogenboezem en familie na die afsterwe van Ronell se suster.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*


Cobus en Lee-Anne van Niekerk met die geboorte van Carmi.

## GTA – STAP

Mt Komati rivier-avontuur

**27 – 29 September**

Kontak ds Lourens 082 5292 330 indien jy wil saamgaan!




**Genesis**

**Fondasie van die Evangelie**

deur Pieter lê Roux

**Sondag 28 Julie 2024**

om **16:30**

te GK Centurion

***Alethea Outreach 11:00***

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Luke 23; Eph 1:3,4

Rev Maarten van Helden

... vanaf bl 1

6. Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit. Immers: "*Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend* (Hand 15:18), *en Hy doen alles volgens die raad van sy wil*" (Ef 1:11). Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik - hoe verhard hierdie harte ook al mag wees - en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en godvresendes gee dit 'n onuitspreeklike troos.

***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***



Ons Susters wil graag ma's met **pasgebore babatjies** liefdevol ondersteun. Ons wil daarom vra dat as jy deel van dié span wil wees, jy jou naam asb vir Phia (0825416388) of Sanmari (0714855995) gee. Jy sal dan gekontak word as daar 'n nuwe lidmaatjie in ons kerk gebore word. Die Susters gee 'n geskenkie en jy gaan gee dit en kuier en ondersteun die betrokke mamma. Ons hoor graag van jou!

**ooOOoo**

**Droëvrugte** bestelvorms is beskikbaar by die kombuis se agterluik. Plaas asb die voltooide vorm in die houer op die toonbank.

Die vrugte sal bestel word gedurende die eerste week van Augustus. Maak asb elektroniese betalings in die susters se bankrekening, verwysing jou naam en vrugte.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**21 Jul**

| | |
|---|---|
| Kobie vd Merwe | A15, A17 |
| Liana van Rooy | B11 |
| Liesel Badenhorst | C3 |

**28 Jul**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | A5 |
| Louise v Niekerk | B4 |
| Christi Venter | C10 |



**Klein advertensies:**

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

